

**Skriflesing:** Mattheus 2:1-12Teks: **Mattheus 2:1,2,5,11**Sing- **Ps. 68:2,14; Ps. 19:1,2; Ps. 72:6,11**

**Mat 2:1** En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aangekom

**Mat 2:2** en gesê: Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.

**Mat 2:3** En toe koning Herodes dit hoor, was hy ontsteld en die hele Jerusalem saam met hom;

**Mat 2:4** en hy het al die owerpriesters en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar laat kom en by hulle navraag gedoen waar die Christus gebore sou word.

**Mat 2:5** En hulle het vir hom gesê: Te Betlehem in Judéa, want so is daar deur die profeet geskrywe:

**Mat 2:6** En jy, Betlehem, land van Juda, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal 'n leidsman voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees.

**Mat 2:7** Toe het Herodes die wyse manne in die geheim geroep en hulle na die tyd van die ster se verskyning uitgevra;

**Mat 2:8** en hy het hulle na Betlehem gestuur en gesê: Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom vind, laat my weet, sodat ek ook kan gaan en Hom hulde bewys.

**Mat 2:9** En nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek. En kyk, die ster wat hulle in die Ooste gesien het, gaan voor hulle uit totdat hy kom en bly staan bo-oor die plek waar die Kindjie was.

**Mat 2:10** En toe hulle die ster sien, het hulle hul met baie groot blydschap verheug.

**Mat 2:11** En hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gevind en neergeval en Hom hulde bewys. Daarop maak hulle hul skatte oop en bring vir Hom geskenke: goud en wierook en mirre.

**Mat 2:12** En omdat hulle in 'n droom 'n goddelike waarskuwing ontvang het om nie na Herodes terug te keer nie, het hulle met 'n ander pad na hul land teruggegaan.

**Skriflesing:** Mattheus 2:1-12Teks: **Mattheus 2:1,2,5,11**Sing- **Ps. 68:2,14; Ps. 19:1,2; Ps. 72:6,11**

Waar ons verlede Sondag na die krip gekyk het, waar daar uit Lukas die geboorte van Christus ons geopenbaar word, is ons vandag gebring by wat baie wat wyd en vêr rondom hierdie geboorte gebeur het. In Christus het God reeds by sy geboorte dinge wyd en vêr die wêreld ingestuur. Vreemde mense, in baie opsigte hulle wat as die heidene daar vêr hulle eie potjie krap. Ja, hier skryf Mattheus oor die geboorte van Christus, 'n man wie se evangelie primêr die Jode in die oog gehad het, wie by sy eie mense begin, maar eintlik iets van 'n wonderlike ironie, dat hy wat Mattheus is wat in baie opsigte altyd eerste sy eie mense in die oog het, sy verhaal oor Christus se geboorte begin alles behalwe by sy eie mense.

\*\*\*

In plaas van om te skryf oor herders in die veld van Bethlehem skryf hy oor wyse manne in die Verre-Ooste. In plaas van om ons na die stal heen te lei vat Mattheus die spoor na Herodes se

paleis. In plaas van 'n krip wys Mattheus ons die geskenke wat geskik is vir 'n koning. In plaas van engele waarmee God sy eer en boodskap verkondig wys Mattheus hoe God in drome werk.

\*\*\*

Ja, ons besef opnuut in hierdie tyd wie die gebeure by Christus se geboorte oordink sal met die hart en met die verstand betrokke moet wees. Daar moet 'n rasonale en gevoelsmatige benadering kan wees waar dit by die wyse manne in baie opsigte oor hulle harte gegaan het. Wyse manne m.a.w. ons erken in die naamgewing hulle is wys, daar is klomp kennis en insig in hulle koppe, maar die klem wat sulke wyses by die geboorte van Christus ons na heenlei is toe nie wat in hulle koppe aan die gang is nie, maar wat is in hulle harte aan die gang. Hart en verstand wat nooit vanmekaar geskei mag word nie, dit waarvan ons die Oosterlinge in hulle misterie godsdienste duidelik die gevaar kan uitwys. Juis het ons in hierdie wyse Oosterlinge tog die volmaakte wat God daargestel het dat God ons wel ook wys waar hart en verstand reg kan werk en saam kan werk.

Ja, waar oos en wes saam kan kom en dit op die punt van net een waarheid wat daar in hierdie lewe is, die waarheid wat Jesus Christus Self is. Hy is die waarheid, in Hom is ons één, ongeag vanwaar ek kom, of van die ooste of van die weste, of my oorsprong heidens is en of ek Jood is, 2of ek naby Bethlehem kon wees soos die herders, of baie vêr van Bethlehem soos hierdie wyse manne, die opdrag is **kom by Christus uit**. God wat reeds hulle in die Ooste ook liefgehad het toe daar in Bethlehem gebore is die Een wat die middelmuur van skeiding kom afbreek het. Dit wat heelwat later in Ef. 2:14 geskryf staan, dit gebeur sommer alreeds by Christus se geboorte- *14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het...*

\*\*\*

Hierdie wyse manne se besoek kan heel waarskynlik 'n hele paar dae na die geboorte geplaas word. Die herders was reeds by Christus, sekerlik is hulle lankal weer in die veld by hulle skape, tog het Josef en Maria maar in Bethlehem langer moes aanbly, want het hulle sekerlik die dae ingewag dat Jesus besny kon word, dit in Jerusalem, waar dit die voordeel is van Bethlehem so naby Jerusalem. Dit is ook Maria wat na die geboorte van hierdie Kind eers sou moes herstel, want al is dit geen gewone mens wat gebore is nie, maar Seun van God, was die geboorte wel heel gewoon.

Hierdie manne uit die Ooste wie se name ons nie ken nie, al is daar 'n tradisie dat hulle drie moes wees met die name Melchior, Caspar en Balthasar is daar egter geen Bybelse gegewens oor presies wie hulle was en ook presies hoeveel hulle was nie. Hulle kon beslis meer as net 3 gewees het. Wat vir ons vasstaan is wat God in hulle lewens gedoen het, wat in hierdie tyd ons weer laat besef hoe God hulle gelok het deur sy Woord in die natuur. In dieselfde proses het God hulle ook gelei deur sy Woord op skrif. In besonder eindig die verhaal hoe hulle gekniel het voor die Woord van God in wat in vlees verskyn het. Om gelok te wees, om so deur God gelei te word om werklik biddend knielend jou voor God te stel, moet eintlik ons gedagtes vêr verby net hierdie Kerstyd voer. Om in 2015 ook deur God gelok, gelei te wees, om knielend elke dag vir God die eer te gee, is waaroor die lewe eintlik moet gaan.

Die God wat bó die sterre troon is die God wat mense meevoer, mense roep, mense lok, dit alles in sy liefde. Waar presies hierdie wyse manne die eerste keer die besondere ster gesien het, weet ons ook nie, maar heel waarskynlik kom hulle uit Mesopotamië, dalk nog 'n ent vêrder, dalk van Babilonië, wat in alle geval ons dadelik terugverplaas naby die omgewing waar die eerste mensepaar Adam en Eva in die paradys ook was. Daar vanuit die Tweestromeland waar die Tigris en Eufraat saamvloei. Aangrypend om dan te dink vanwaar God die eerste Adam uit die tuin moes uitdryf, vandaar stuur God die boodskappers om die plek van die tweede Adam te gaan opsoek. Hierdie wyses wat nog maar heidene sou wees, kinders van die duisternis maar hulle sien in die skemering die lig waarmee God hulle sou lok. Hierin is God se liefde maar dit wat in die ster gesien kon word kon nie verder gaan as om daarin net hulle aandag te trek nie.

\*\*\*

Al is die duisternis hoe oorweldigend, weet ons in die omtrekke van Bethlehem en Jerusalem is daar maar ook die donkerte wat die mens in sonde geval, nêrens kan ontvlug nie. Die donker elemente wat daar in Bethlehem Judea was, het niemand kon vryspring nie. Josef wat aanvanklik maar gedink het om in die geheim van Maria te skei, Herodes wat die babatjies in groot getalle doodmaak om daarmee te dink so raak hy ontslae van die nuutgebore Koning, Josef en sy nou nog klein gesinnetjie wat na Egipte moet vlug, om hierdie Kind te red wat vir ons redding gebore is en dan met hulle terugkeer waar hulle dan eerder na Nasaret gaan en nie weer na Bethlehem nie.

Ja, dit kan nie anders as om in die geboorte van Christus die vergelyking met toe Moses gebore is, ook raak te sien nie. Die Farao wat ook die opdrag gegee het, maak die kindertjies dood, nou ook weer Herodes. Moses was gered deur die dogter van Farao wat kon ingryp, so was Jesus gered deur die ingrype van 'n droom wat Josef en Maria betyds kon waarsku om te vlug. As jongman vlug Moses vir sy lewe, maar om dan redder te wees, om sy volk uit slawerny te red, stuur God hom terug na Egipte want die Farao wat hom gesoek het, is dood. So is Josef ook deur God opgeroep om weer na Israel terug te keer, want die Herodes wat so die kindertjies laat doodmaak het, is self nou dood. Ja, in wat God doen, is daar vergelykings, daar is planmatigheid, doelmatigheid en vastigheid, dit kan ons maar altyd weet. Al is ons baie keer so teleurgesteld oor dinge nie uitgewerk het soos ek dit wou laat uitwerk nie, tog moet ons altyd bereid wees om vóór die groter plan van God ons eie plannetjies in die wiele te laat ry.

Die wyse manne het van die groter wysheid, die wysheid van God, maar nog min kon weet, maar God laat sy plan so dikwels soos die stukkies van 'n legkaart wel bymekaarkom. Dit sien ons dan ook, nie net hoe manne gelok word deur die Woord in die natuur nie, maar om waarlik gelei te word deur die Woord op Skrif, dit bring die ware keerpunt en rigting punt. Die vraag in hulle harte word 'n vraag op straat- die wyses vra dit- *Waar is die Koning van die Jode wat gebore is... Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.* Dit is nie dat hulle die vraag direk aan Herodes gevra het nie, maar het die vraag wel ook Herodes se ore bereik. Ja, die Herodes van wie ons dikwels hier lees, wat in alle geval 'n wreedaard was, wat geen teëstand duld nie. Seun van Antipater 2, ja 'n Idumeense Jood, 'n Edomiet, waar ons weet die Edomiete is uit die geslag van Esau. Sy moeder was 'n Arabier. Hierdie Herodes se invloed het wyd gestrek.

Hy was eintlik so paranoïes, wat bv. sy vrou vermoor het, Mariamne, sy moeder vermoor het, Alexandria, sy oudste seun vermoor het, Antipater, ook sy ander seuns Alexander en Aristobulus is deur hulle pa vermoor. Ja, keiser Augustus wat ons in Lukas van lees het 'n keer oor hierdie Herodes gesê, dit is veiliger om 'n vark van Herodes te wees as om 'n seun van Herodes te wees. Die karakter van Herodes wat so bang was dat niemand sal huil as hy sou sterf nie. Daarom het Herodes naby sy einde, wat nie baie lank in alle geval na Christus se geboorte sou wees, het hy

heelwat van die inwoners van Jerusalem laat gevange neem en die opdrag was dat as hy wat Herodes is die dag sterwe dan moet hulle daardie mense ook doodmaak, sodat daar wel 'n gehuil sal wees as hy sterf, want was hy bang niemand huil oor sy dood nie. Hy wou trane vir sy sterfdag verseker, al is dit dan ook deur die dood van andere. Hoe siek was sy gemoed nie, die man vir wie Jesus se ouers moes vlug toe die kindermoord uitgeroep was en daarna moord op moord. Herodes is toe wel deur drie van sy seuns Herodes Archelaus, Herodes Filippus en Herodes Antipas opgevolg, wat die laagtepunte maar selfs ook hoogtepunte van hulle pa nie kon ewenaar nie. Die afskuwelike Herodes het wel ook opgerig dinge wat kon uitstaan. Daarom is daar dikwels na hom verwys as Herodes die Grote, want het hy staatkundig tog in 'n stadium stabiliteit gebring, hy het die tempel herbou, baie indrukwekkend was hierdie tempel, ja om die volk se guns te koop kon hy gulhartig wees, maar is dit nie baie keer die gevaarlikste van mense wat ander se guns wil koop nie!

Toe die wyse manne se vraag wel in die paleis weerklank vind, is die paleis, die stad, die volk in beroering. As daar staan dat Herodes *ontsteld* was, dan besef ons die geladenheid van die woord. Hy was so 'n gevaarlike man in wie as daar ontsteltenis is, dan het dit die verskriklikste gevolge kon meebring. Dit laat dadelik die volk dadelik in twee ontstelde rigtings. Daar was hulle wat hulle welvaart en posisie direk aan Herodes te danke het. Hulle sou bang wees sou daar enige politieke bedreiging vir Herodes wees dan is hulle hul welvaart kwyt. Tog sou die grootste deel van Jerusalem se ontsteltenis oor die berig van die paar manne uit die Ooste eerder wees dat hierdie koning het homself al so wreedaardig laat geld, nou kan ons maar weer die ergste te wagte wees. Wat inderdaad gebeur het toe die Herodes besluit om die kindertjies dood te maak in die proses wat hy geglo het Jesus ook doodgemaak sal word. Baie vir een, baie kindertjies om die een kindjie te vernietig. Tog werk God in Christus nie met die baie vir een strategie nie, God het gekom met die ÉÉN vir baie, die één Christus wat vir so baie, nie die dood nie, maar die lewe beteken. Daarvan sou Herodes niks verstaan nie, want sy vrees het sy waansin oortref!

Tog laat Herodes die sg. wyses in sy ryk bymekaarkom. Die owerpriesters, die skrifgeleerdes, wat dieselfde vraag gevra word- *Waar is die koning van die Jode wat gebore is...* Nou gebeur die mees tragiese in wat alles alreeds aan die Herodes paleis en die Jerusalem opset so tragies was. Hierdie manne maak die Woord van God oop. Hulle haal direk uit die Skrifte aan. Ja, wie

ook al rigting sou moes aandui sou dit kwalik beter as hulle kon gedoen het. Die profesie van Miga en wat uit Samuel na vore sou kom, dit vorm in die antwoord 'n mooi geheel... *Bethlehem, land van Juda, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal 'n leidsman voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees.* Met hierdie inligting word daar deur Herodes fyn en slinks omgegaan. Hy laat die wyses in die geheim na hom kom en vra hulle uit oor die presiese tyd van die ster se verskyning. Dit natuurlik om sy bose planne ten uitvoer te bring. Asof die boosheid mos nooit genoeg kry nie, laat hy 'n opdrag aan die wyse manne deur vir hulle te sê dat hulle **noukeurig** ondersoek moes doen. Presies Wie hierdie kindjie is, presies waar Hy is, met die infame leuen dat hy wat Herodes is ook wil gaan om Hom hulde te bewys. Noukeurig ondersoek klink dalk goed, maar in die hand van die verkeerde van hart en sin kan dit ook baie gevaarlik wees.

Dit is die tragiese van Herodes maar die nog meer tragiese is dié wat die Woord van God kon oopmaak, maar hulleself maak die Woord net weer daar toe. Daar is nie 'n enkele skrifgeleerde of die uit die kerklike lewe wat op enige manier self in beweging kom om na Bethlehem te gaan nie. Koud en onbewoë keer hulle huiswaarts! Dit is asof hulle geen behoefte het, asof hulle eie harte glad nie geraak is deur die grootheid wat hulle so pas kon verkondig nie.

Hoe wesentlik is hierdie gevaar nie vir ons as kerk vandag nog nie. Ek kan in die kerk wees, ek het 'n Bybel, ek lees dit selfs, ek weet baie van wat daarin staan, maar hoe tragies, dat in alles wat gedoen kan word, is dit moontlik om op geen manier persoonlik hierdeur geraak te word en by die Here uit te kom nie. Mense wat Jesus nie as hulle persoonlike Saligmaker, hulle Verlosser, hulle Koning eer nie.

Dit terwyl hulle wat eintlik verre vreemdelinge was, wil nie vreemd wees in die dinge waaroor dit werklik gaan nie. Dit sou al duideliker word dat waar hulle eers **gelok** was, **gelok deur die Woord**, die ster in die natuur, toe **gelei deur die Woord op skrif**, nou sal hulle **kniel**. **Kniel voor die Woord in die vlees...** Bethlehem wel naby Jerusalem is gou om daar uit te kom, is maar 10 km van mekaar. Nogtans is die ster as kompas en die Woord as kaart nie opgehef nie. Die bevestiging dat God voorsien hou nooit op nie. En daar kom hulle in die plek, presies op die plek waar die kindjie is. In alles is hulle so bly, hulle val neer en bring hulde aan Hom wat toe

maar net 'n babatjie is, maar Hy is reeds 'n Koning. Hy is groter as hulle, ja die woord om neer te val (*proseknesan*) is in die Grieks alleen in gebruik wanneer iemand eer aan iemand anders wil gee as hy die een groter as homself beskou. Soos 'n onderdaan aan 'n koning. Ja, die woord van Fil. 2:10-11 is reeds in vervulling. **10** sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, **11** en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader.

Die knieë wat buig maar ook word daar skatte uitgedeel. Goud, wierook en mirre. Alles ook koninklike geskenke. Geskenke wat baie handig was as een soos hulle oor verskeie grense moet gaan. In 'n sekere sin die reisigerstjeks van daardie tyd. Ja, hierdie geskenke sou handig te pas kom wanneer Josef en Maria die land moes verlaat om die Jesus-kind te beskerm. In alle geval het God Self die beskerming bewerk. Die wyse manne het nie na Herodes teruggekeer nie maar met 'n ander pad na hulle land teruggekeer. Ryker en wyser in die gees as wat hulle wat wyse manne genoem is, ooit kon wees.

AMEN